

# MURRAYSBURGER



**The secret is out!**

Go to [www.murraysburg.co.za](http://www.murraysburg.co.za)

The *Murraysburger* is also available on the website. Hard copies available at Kweperlaan Coffee Shop.

Contact details on page 2

Apr 2012  
R3.00  
No 13

## VLV BEMAGTIG Matrieks

Die bestuur van die VLV-die plaaslike hoërskool op deur vir hulle by die bemagtigingsoggend aan

Nadat sy die leerders ver-Troskie, die huidige voor-mooi gewees het wat om te trent al die kursusse wat *of Tourism* aanbied, en het met die toepaslike inligting

Getrou haar sprankelende aan elkeen teenwoordig 'n omtrent die kursusse, wat *College* aanbied, gegee en uitgewys. So is die leerders aan verskeie moontlikhede, wat hulle nog nie self oorweeg het nie, blootgestel en het verdere studie vir verskeie baie aantreklik geword.



tak het die matrieks van 10 Maart 'n bietjie bederf Kweperlaan koffiewinkel 'n te bied.

welkom het, het Theresa sitter, die groep, wat nie verwag nie, ingelig om-die *South African College* elke leerder 'n drukstuk ontvang.

aard het Adrie Conradie netjiese lêer met inligting die *Eastern Cape Midland* interessante studierigtings

Aangesien elkeen 'n afskrif van 'n CV, 'n aansoekbrief, 'n toepaslike getuigskrif en van hulle ID's ontvang het, kon hulle Lina van den Berg se wenke om vir 'n spesifieke betrekking aansoek te doen, goed volg. Van den Berg het prakties en aanvullend by wat die leerders se leerplan vereis, gesels en hulle het baie baat by hierdie sessie gevind.

Die hoogtepunt vir veral die dogters was egter Alna Theron se wenke oor etiket, kleredrag, lewensvaardighede en alles wat met die komende matriekafskied gepaard gaan. Drie van die dogters het as modelle opgetree en die seuns behoorlik na hul asem laat snak toe hulle, mooi gegrimmeer deur Michelle Cloete, aandrokke modelleer. Figuurbates en – tekortkominge is bespreek en die dogters het praktiese wenke vir die keuse van 'n geskikte rok ontvang.

Metz-uitgewers het vir elke leerder 'n eksemplaar van *Kies die regte loopbaan* – 'n praktiese gids vir skoolverlaters deur Norma Colley geskenk en afgesien van vier pryse, wat Adrie Conradie na gelukkige trekkings uitgedeel het, is elkeen nog deur 'n geskenkie, voorsien deur Grada Retief en Tiny Herholdt, verras.

Daar is foto's geneem, heerlike eet- en drinkgoed, deur die Kweperlaan verskaf, geniet en sommer lekker saam gekuier. Een van die dogters het tereg opgemerk dat dit 'n droomoggend was en die VLV-bestuur vertrou dat hierdie oggend 'n verskil in jong lewens gemaak het.

## ANNIE SLABBERT VIER HAAR 94STE VERJAARSDAG BY DIE KWEPERLAAN SAAM MET VRIENDE



# BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135

SMS: 072 388 9284 / 082 5093 120

EPOS: renetheron@mweb.co.za / jennyballantyne@telkomsa.net

POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

*Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.*

*Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.*

*Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address.*

*The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.*

## VANDIE REDAKSIE .....

Ek wonder wie van julle het agtergekom dat die *Murraysburger* al 'n volle een jaar oud is - hierdie is die 13de uitgawe! Hiermee wil ek dan sommer ook baie dankie sê vir al ons gereelde bydraers, met spesiale vermelding van *Mette Kromhout* wat vir die leeu-aandeel van die artikels verantwoordelik is en sonder wie daar nie 'n *Murraysburger* sou wees nie.

Terselfdertyd wil ek *René Theron* welkom heet wat van volgende maand af my stoel gaan oorneem en ons koerantjie saam met *Jenny* tot groter hoogtes gaan voer. Let asseblief op na die veranderde epos en seldommer hierbo, asook die feit dat *Jenny* se eposadres verander het.

Geniet!

*Marietta*

## Die Storie van Hippy en die Tandestokkie ...

Hippy is die seun van Sebastiaan. Sebastiaan is die afgetrede babahondjie-maker van Pollie en Michau wat op 'n plaas net buite die dorp woon. Sebastiaan woon nou in weelde en gerief by *Elma Klokkies* van *Vyf Rose Gastehuis* op die dorp.

Hoe Hippy aan sy naam gekom het, weet ek nie, behalwe dat hy hiperaktief is en nou 'n ewe weelderige en gerieflike tuiste by my broer en sy familie gevind het.

So kom dit dat hy Desembermaand met 'n geleentheid vir die vakansie by sy broers en sussies en neefs en niggies kom kuier terwyl my broer en sy familie elders vakansie hou waar klein Yorkshire Terriers nie welkom is nie.

Hippy het gedink hy kuier in die hemel want daar was 'n nig of twee, drie wat net alte lekker geruik het. Soveel so dat *Pollie* later vir hom 'n broek moes aantrek.

Na 3 weke vertrek Hippy weer met 'n geleentheid terug huis toe, so uitgeput dat hy sommer net bly lê, maar na 'n dag of twee lê Hippy nog steeds. Inderhaas veearts toe wat, nadat hy van Hippy se drie-weke lange eskapades gehoor het, lekker lag en vir hom 'n tonikum inspuit en sê hy's net baie moeg van al die meisies.



Maar die hiperaktiewe Hippy het al hoe swakker geword en my broer het besluit daar moet groter fout wees. Vir die volgende twee weke weer 'n paar keer terug veearts toe waar dié toe later besluit die enigste uitweg is om die magie oop te maak. En daar ontdek hulle dat die hondjie al vir drie weke lank met 'n tandestokkie in sy ingewande rondloop!



Die Oujaarsaand partytjie was seker net so lekker en Hippy moes 'n vlesige versnapering op 'n tandestokkie gegaps het. Die stokkie het deur 2 dunderms en die dikderm gesteek en die veearts reken dis 'n wonderwerk dat hy leef.

Sedertdien is Hippy weer sy normale hiperaktiewe self en sien hy met groot lus uit na sy volgende vakansie by die familie op die plaas.

Ns. Ter verdediging van *Pollie* en *Michau* moet daar darem gemeld word dat Hippy berug is daarvoor dat hy enigets wat val, blitsvinnig opraap, nog voordat 'n mens weet wat geval het!



## Miniskou lok baie deelnemers

Die dames van Murraysburg het tydens die miniskou, wat op 16 Maart gelyktydig met die skou plaasgevind het, gewys wat hulle kan doen en danksy goeie wenke van die beoordelaars nog elkeen een en ander geleer.

Die VLV het wel die miniskou gereël, maar nie minder as 17 nie-lede het saam met 14 lede deelgeneem en handwerk, gepreserveerde produkte, gebak, kunstvlyt, fotografie, blomme en groente uitgestal. Die beoordelaars Mariette Slabbert en Ria Krause van Graaff-Reinet, asook Theresa Troskie, Rialene van der Merwe en René Theron van Murraysburg moes behoorlik bontstaan en het baie moeite met die beoordeling en die terugvoer aan die deelnemers gedoen. Hulle is deur Margaret Booyse, Adrie Conradie, Elana Grobler, Alna Theron, Marieke Theron en Miemie van Heerden bygestaan.

Veral die fotografie-afdeling het baie inskrywings van 'n hoë standaard gelok terwyl daar vanjaar minder groente, blomme en rangskikkings as gewoonlik was. Dit is heel waarskynlik aan die vroeë herfsweer te wyte. Maretta Theron het nie minder as 21 inskrywings gehad! Die wenner was Adrie Conradie met Maretta Theron en Margaret Booyse in die tweede en derde plekke. Mette Kromhout se mandjie kleurvolle en gesonde groente het die spesiale eerste prys verwerf.

Deelname aan die miniskou is pret en leersaam en die borge, KVB Murraysburg, Spar Graaff-Reinet en SASKO verdien besondere dank, want sonder hulle borgskappe sou die skou nie moontlik wees nie.



**Mariette Slabbert en Theresa Troskie  
beoordelaars by die Murraysburg miniskou**



**Adrie Conradie en Margaret Booyse behartig die  
inskrywings by die Murraysburg miniskou**

## Murraysburg hou basaar

Die dankfeesbasaar, wat op Menseregtedag plaasgevind het, het die NG-gemeenskap van Murraysburg heerlik laat saamkuier.

Alhoewel die gemeenskap al hoe kleiner word, vind elkeen, wat enigsins kan, op basaar dag sy pad na die skousaal waar die tafels behoorlik onder die produkte kreun. Die koop en verkoop is egter amper bysaak, want die saamkuier om 'n koppie tee of koffie om die mooi gedekte tafels gee aan almal die geleentheid om vriendskapsbande te versterk. Tog verdwyn die produkte op die tafels ongemerk en is daar heerlik aan pannekoek en regte, egte basaarpoeding gesmul.

Dit was goed om te sien dat van die jonges in die gemeente betrokke was en onder andere pannekoek gebak het, terwyl van die groter wordende kleuters nie die koeksisters kon weerstaan en pa telkens daarvoor kafee toe gesleep het.

Die oggend is afgesluit met 'n heerlike ete voorsien deur die Laer Buffelsrivier / Rietfontein-wyk. Die spitbraai onder Flippie Conradie se kennersoog was voortreflik soos ook die bykosse en 'n ware winskoop vir slegs R50.00.

Danksy die mooi veld en baie ander seëninge het die Murraysburgers baie rede tot dank en het hierdie basaar daaraan uitdrukking gegee.



Op die plaas Sekretariskraal in die Murraysburg distrik was vir jare lank koring verbou. Nadat die meule in Graaff-Reinet toegemaak het, was dit nie meer ekonomies vatbaar om koring te verbou nie. Sedertdien het die lande vir 16 jaar lank braak gelê. In November 2011 het die eienaar, Frans du Preez, besluit om die lande weer in produksie te bring en te probeer om mielies vir voer doeleindes te plant en oes. Die lande word vloed besproei vanuit die Buffelsrivier en tot hede blyk die onderneming 'n groot sukses te wees soos gesien kan word op die meegaande foto en soos die koedoes, ape en ystervarke ook kan getuig tot Frans se groot ergernis.

## **VLV-OUERES LEER VAN DIE JONGES**

Gedurende die Maartvergadering is verslag oor die konferensie, wat Petrusville aangebied het, gelewer en het twee van die jonger lede hulle bes gedoen om van die ouer lede meer rekenaargeletterd te maak.

Chrisna Smith, 'n jong onderwyseres by die Primêre Skool Murraysburg, het die lede oor Facebook ingelig. Dit is 'n sosiale netwerk waardeur mense maklik kan kommunikeer. Gelukkig kan gekies word met wie jy wil kommunikeer. Smith het gedemonstreer hoe 'n profiel, wat benodig word voor-dat daar van Facebook gebruik ge-maak kan word, geskep word. Dit behels die plasing van 'n foto en enkele besonderhede oor jousef.

Nadat sy 'n e-posadres vir die VLV-tak van Murraysburg geregistreer het, het sy voortgegaan en 'n profiel vir die tak geskep. Murraysburg is die eerste tak in die sirkel Noord-Karoo met 'n Facebook profiel. Die lede kon elke stap op 'n groot skerm volg. Smith het gedemonstreer hoe op Facebook rond-beweeg en vriende gesoek word en dat dit belangrik is om telkens uit te teken. Sy het ook gewys hoe om privaatboodskappe te stuur en enkel foto's of 'n hele foto-album op Facebook te sit.

Van die ouer dames het al gewonder oor die ikone, wat in tydskrifte by artikels verskyn. Danksy Smith se verduideliking verstaan hulle nou dat indien hulle 'n foto van die ikoon met 'n slimfoon neem, hulle op die selfoon na die video kan kyk. Dit kos natuurlik geld!

Adri Smit, wat Murraysburg se webwerf geskep het en dit onderhou, het met haar kundigheid dit vir die lede maklik laat lyk om 'n webwerf te skep en sy kon ook statistiek verskaf oor die verbasend baie besoeke wat die Murraysburg-webwerf ontvang.

Renée Louw en Theresa Troskie het terugvoer oor die konferensie, wat Petrusville by die Vanderkloof dam

aangebied het, gegee. Die reëlings, program en sprekers was puik en die kongresgangers is deur gasvrouens gehuisves en baie bederf.

Die verslag van die uitredende sirkelpresidente, Sandra Nolte, was van hoogstaande gehalte. Sy het nie net hoogtepunte van die afgelope jaar van die verskillende takke en die sirkel uitgelig nie, maar ook idees vir inspirasie gegee. Dit het onder andere die dames aange-moedig om positief en produktief te wees, elke geleentheid te benut om hulle skeppende vermoëns te ontwikkel en hulle brein aktief te hou, in hulle gemeenskappe betrokke te raak en ingelig te wees.

Tydens die aandfunksie het Nicol Jansen, vise-president van Agri Noord-Kaap, 'n inspirende praatjie na aanleiding van die tema, Bou 'n Brug, gelewer. Brûe word op alle terreine van die lewe gebou om obstruksies te oorkom en dit verg moeite en in-spanning. Brûe moenie verbrand word nie en die belangrikste brug is die brug na die Ewige Lewe.

Tydens die aandfunksie is bekend-gemaak dat Murraysburg die meeste punte in die sirkelkompetisie behaal en die Johanna van der Merwe-skind vir die tak met die meeste punte vêr-werf het. Murraysburg het die derde plek na Britstown en Victoria-Wes vir die kwaliteitskind beklee terwyl Alna Theron, na aanleiding van haar projek om die inwoners van Huis Spitskop te bederf en hulle voete te versorg, as die sirkel se Vlindervrou vir 2012 aangewys is.



*Alna Theron*

Ten slotte het Murraysburg d.m.v. 'n CD met René Theron se besondere foto's die ander takke na 2013 sê, konferensie op Murraysburg genooi. Die kongres, wat ook deur Erika Lubbe, VLVK-president en Ronella Rademeyer, ere-sirkel en -VLVK-president, bygewoon is, was vir elke afgevaardigde en waarnemer ver-rykend en inspirerend.

### **.22-skietoefening op Brookfield**

Soos nou al gebruikelik het die jaarlikse .22-skietoefening van die S.A. Wild- en Jagtersvereniging, wat Murraysburg aanbied, weer op Brookfield, mooi plaas van Peetsie en Michau du Toit plaasgevind. Die lede is baie dank aan die Du Toits verskuldig, wat al vir die afgelope jare hulle geriewe by die jaghuis beskikbaar stel en te midde van 'n vol program 'n geskikte skietbaan regkry.

Skuts het van die omliggende dorpe na die redelik sentraal geleë plaas gekom en nie minder as 23 deelnemers het hulle skietvermoëns kom slyp. Nadat die manne onder die wakende en raadgewende oog van Calvyn Vlok, voorsitter van die Karoo-tak en self 'n uiters bedrewe skut, 50 oefenskote kon skiet, is elkeen se puntetelling bereken. Vanjaar was die skuts, wat die beste gevaar het, almal Murraysburgers, te wete Wynand Rossouw, John Butterworth en Ian Hattingh, die baasskut.

Die dames was vanjaar swak verteenwoordig, maar Michau du Toit se twee dogters, Chalrida en Monica, het getoon dat hulle geen tree vir die mans hoef terug te staan nie.

Calvyn Vlok het geen moeite ontsien om na die oefening ten spyte van die warm son nog vir individue van hulp en raad te bedien nie. Danksy sy opleidingsessies en die groeiende entoesiasme van die groep verbeter die standaard jaarliks.

Gelukkig was daar koue drinkgoed by die jaghuis en kon daar nog lekker om die braaivleisvuur gekuier word.



## Granaatprojek amptelik bekendgestel

Alhoewel almal in die gemeenskap al kennis geneem het van die granaatboord net buite die dorp langs die pad na Richmond is dit eers op 13 Maart tydens 'n mooi funksie in die stadsaal aan die gemeenskapsleiers en ander belangstellendes bekendgestel. Elrita Venter en Phillip Botma, wat in 2002 die maatskappy Alterna Fruit gestig het om minder bekende vrugte in S.A. te bevorder, het baie moeite met die reëlings vir die amptelike bekendstelling gedoen en was natuurlik self teenwoordig.

Ds. André Louwrens het tydens sy skriflesing uit Numeri 13 en tydens sy gebed klem gelê op hoop waarvan die granaat in die Ou Testament die simbool was. Hendrik Haarvoor het later laat blyk dat "Vallei van Hoop" een van die name is wat die aandeelhouers vir die projek oorweeg, terwyl Elrita Venter heel aan die begin verduidelik het dat Alterna Fruit en die WNNR, wat die fondse bekom het, juis met hierdie projek vir Murraysburg hoop op 'n beter toekoms wil gee.

Alhoewel verskeie Murraysburgers al 'n bietjie sinies is omdat alle mooi projekte, wat met groot entoesiasme aangepak word, na 'n tydjie teëspoed kry en verdwyn, het Venter en Hendrik Haarvoor se puik voorleggings baie vertroue ingeboesem omdat daar vooraf goeie navorsing gedoen is en die deelnemers voortdurende opleiding t.o.v. boordbestuur, siektes en plae, bemarking, administrasie, verpakking en natuurlik finansiële bestuur ontvang. Boonop kry hulle geleenthede om self te groei en te ontwikkel sodat hulle volledig eienaarskap kan aanvaar en later vir ander kan werk skep.

In haar voorlegging het Elrita Venter verduidelik dat granate gekies is omdat daar goeie markte in die Ooste, maar ook in Europa is, die vrug ryk is aan anti-oksidante, op die oomblik baie gesog is en funksionele kos, d.w.s. kos wat positief tot goeie gesondheid kan bydra, voorsien. Indië en Iran is die grootste produsente van granate, terwyl Afrika op dié gebied nog geen bydrae lewer nie.

Nadat die grond hier ontleed is en getoets is dat voldoende water d.m.v. boorgate gegenerer kan word, is besluit om die projek in Murraysburg te vestig, want afgesien van sy ekonomiese sukses is die langtermyn doelwit diens aan die gemeenskap.

Venter en Botma, wat beide goeie ondervinding as wetenskaplikes in die vrugtebedryf opgedoen het, het na deeglike navorsing oor die geskikste kultivars vir ons omstandighede oorsee na die beste plantmateriaal gaan soek. Die vrugte moet goed vervoer en in 'n koelkamer gehou kan word, aangesien dit landwyd teen 'n billike prys op ons winkelrakke te koop moet wees, maar natuurlik ook vir die uitvoermark bestem is. Dit sal per skip na Rotterdam, van waar dit verder versprei sal word, gestuur word.

Daar is nie werknemers by die projek nie, slegs deelnemers, wat baie streng gekeur is t.o.v. hul motivering, werkywer en gewilligheid om opgelei te word en te groei. Met Willem Fourie as boordbestuurder vorm die twaalf aandeelhouers 'n hegte span wat duidelik trots is op wat reeds vermag is en vasberadenheid om enduit suksesvol te wees, uitstraal.

Hendrik Haarvoor, die leier van die groep deelnemers, het 'n uitstekende voorlegging van die rol van die AGRI ACADEMY se program gedoen. Hy het verduidelik dat die AA op opleiding, marktoegang, sake-advies en strategiese sake-verbindings vir die opkomende boere fokus en dit ten doel het om die opkomende boere van bestaansboere tot kommersiële boere te laat groei. Hy het groot klem gelê op die noodsaaklikheid van onderlinge vertroue en respek asook die wil om net die hoogste standaard te handhaaf.

Die AA wil help om kapasiteit te skep deur elkeen betrokke so te ken dat sy sterk eienskappe benut en ander ontwikkel kan word. 'n Goeie sakeplan is ononderhandelbaar, asook gesonde interaksie met die plaaslike owerhede. Verder sal met opleiding t.o.v. voorraad, die



*Elrita Venter, Willem Fourie en Phillip Botma saam met die aandeelhouers van die granaatprojek*



versorging van implemente, veilige hantering van gifstowwe en so meer gehelp word.

Alterna Fruit is vir die tegniese aspekte verantwoordelik en het ook die nodige marknavorsing gedoen. Die deelnemers sal egter self leer hoe vrugte bemark word, 'n pakhuis op Franschhoek en die hawe in Kaapstad besoek. Elkeen moet ook 'n studie van die verskillende verpakkings maak en 'n uitvoerder in Franschhoek besoek ten einde eerstehandse kennis oor elke aspek van die bedryf te bekom.

Haarvoor het afgesluit deur te beklemtoon dat die projek nie net groot geleenthede tot groei bied nie, maar dat die nodige wil om uitdagings te oorkom nodig is, voordat die aandeelhouers tot suksesvolle produsente kan ontwikkel.

Nadat die teenwoordiges heerlike verversings geniet het, is die granaatboord besoek, waar Phillip Botma en van die aandeelhouers die besoekers se vrae kon beantwoord.

Elkeen teenwoordig het besef dat daar nog nie op Murraysburg 'n projek gegrond op soveel deeglike navorsing en voorbereiding aangepak is nie. Die grootste sleutel tot sukses is egter die wil en motivering van die mense betrokke en as dit daarvan afhang, sal die projek groei en ontwikkel. Willem Fourie en sy span, met Elrita Venter en Phillip Botma, wat die vinger op die pols hou, straal vasberadenheid en trots uit.

***Mag hulle stoutste verwagtinge oortref word!***

## Alles en nog wat oor tamaties en koring

Tydens die insiggewende Maartvergadering van die tuin-bouklub op Grootdriefontein het Karin Reynolds interessante insigting oor tamaties, koring en okra verskaf.

Omdat dit uit 'n vrugbeginsel groente nie, maar word nogtans groenteslaai gebruik. Tamaties is lekker is, maar behoort nie in 'n hulle in koue toestande hul geur koop graag variëteite met 'n langer dwonge in 'n yskas bewaar moontlik is om dwarsdeur die jaar benodig word nie.

Tamaties in een of ander vorm goed rou gevries word. Die vrieskas geberg word of daar kan puree of sous van gemaak word. Tamatieblatjang en –konfynt is lekker en songedroogde tamaties verskaf 'n heerlike geur aan slaai, pastas en pizzas. Voor gebruik moet songedroogde tamaties eers vir 30 minute staan nadat kookwater opgegooi is. Die water kan vir souse gebruik word en indien verkies, kan dit ook vir 24 uur in olie staan.

Die gereelde eet van tamaties word aangemoedig omdat hulle ryk is aan antioksidante (Vit A ,C en E) wat die verouderingsproses teëwerk, help om bloedklonte en hartsiektes te voorkom en die immuunstelsel versterk.

Reynolds het vertel dat hulle van vriende 'n klein koringmeul ontvang het en gevolglik begin het om self koring te saai en te oes. Hulle bak nou hulle eie vars koringbrood omdat dit so gesond is. Slegs 4 van die essensiële 44 voedingstowwe kom nie in koring voor nie. Na die maalproses oksideer tot 45% van die voedingstowwe en na drie dae is 90% van die voedingstowwe verlore. Nogtans is brood die stapelvoedsel van baie mense.

Koringkiem bevat wel 23 voedingstowwe, wat meer is as enige groente of ander graan per kilogram, maar koringkiem word by brood en meel verwyder om die rakleefyd te verleng. Dit bevat 28% proteïene, meer as wat die meeste vleisprodukte bevat en die semels en koringkiem is die hoofbron van dieetvesel. Koringkiem kan wel by gesondheidswinkels gekoop word, maar dis natuurlik ideaal indien 'n mens jou eie koring kan verbou en in die vrieskas berg.

Nie een van die teenwoordige tuinboulede het al okra gesien nie en dit was 'n aardigheid om die okra, wat Percy Reynolds in sy groentetuin gekweek het, in die hand te kon bekyk en om dit ook gaar te kon proe. Okra is lid van die malvafamilie en kom oorspronklik uit Wes-Afrika. Dit groei goed in warm, tropiese en subtropiese gebiede. Dit is baie veselagtig en die gekookte blare kan gebruik word om soppe dik te maak. Die blare kan ook in slaai gebruik word. Okrasade kan gerooster dien as 'n plaasvervanger vir kafeïnevry koffie. Weens die hoë olie-inhoud word sommige spesies vir die vervaardiging van bio-brandstof gebruik. Van die lede is geprikkel om self okra te probeer kweek.

Die dames het Karin Reynolds se goeie aanbieding baie geniet en het beslis heelwat tydens die vergadering geleer!

### Elf Murraysburgers neem deel aan die Argus

Alhoewel Murraysburg 'n klein gemeenskap is, het nie minder as elf fietsry-entoesiaste aan vanjaar se Argus fietswedren deelgeneem en al elf het die wedren voltooi.

Die groepie bestaande uit Martin Hesselink, Aletta en Roelof Theron (ma en seun), Monica en Hardus Theron (egpaar), Wilmar en Jaco Pienaar (egpaar), Theronnie van der Merwe, Chris Slabbert en die amper 81-jarige Dammetjie Rossouw het 'n week voor die Argus op Trouwberg by Kay en Martin Hesselink byeengekome om mekaar moed in te praat. Jannie Nieuwenhuizen, wat wel deelgeneem het, kon ongelukkig nie saamkuier nie. Weens werks- en ander verpligtinge kon almal nie ewe gereeld oefen en voorberei nie, maar was nogtans gereed vir die groot uitdaging.

Waar die suid-oos gewoonlik die gedugste teenstander van die deelnemers is, was dit vanjaar ongekende hitte, wat die fietsryers tot die uiterste beproef het. Die Murraysburgers was gelukkig om almal heelhuids die wedren te kon voltooi, al het Dammetjie Rossouw, wat begin Mei 81 jaar oud word, geval omdat die deelnemer voor hom skielik geval het. Gelukkig kon hy enduit verder ry en Murraysburg is nie min trots op hom nie. Vanjaar se Argus is gekenmerk deur verskeie groot ongelukke.

Van die Murraysburgers het Martin Hesselink en Roelof Theron die beste gevaar en in presies dieselfde tyd die wedren voltooi. Van die ander Murraysburgers het hulle vorige beste tye verbeter en almal kon na 'n uitputtende, maar bevredigende dag, die lang pad terug Murraysburg toe aanpak.



ontwikkel, is tamaties vrugte en nie nie in vrugteslaai nie, maar wel in gewild omdat hulle baie gesond en yskas gebêre te word nie aangesien verloor en selfs melerig word. Ons raklewe en moet hulle noodgeaangesien dit ongelukkig nie tamaties in die tuin te pluk soos hulle

kikker menige dis op en kan baie tamaties kan net so heel in die



# MURRAYSBURGSKOU-UITSLAE

Die Murraysburgskou, wat op 16 Maart plaasgevind het, is vanjaar besonder goed ondersteun en die standaard was baie hoog. Die uitslae is as volg:

MERINO'S (slegs eerste plekke)

Kortwolafdeling - lengte maksimum 7cm.

## A ONGESKEERDE KORTWOL-LAMMERS (KLAS 1-6)

- |   |  |                     |
|---|--|---------------------|
| 1 | Ongeskeerde kortwol-ooilam 33kg en minder  | : Job Steenkamp     |
| 2 | Ongeskeerde kortwol-ooilam 34-40 kg        | : Theo Potgieter    |
| 3 | Ongeskeerde kortwol-ooilam 41-54 kg        | : Roelo van Heerden |
| 4 | Ongeskeerde kortwol-ramlam 38 kg en minder | : Kosie Wolfaardt   |
| 5 | Ongeskeerde kortwol-ramlam 39-45 kg        | : Kosie Wolfaardt   |
| 6 | Ongeskeerde kortwol-ramlam 46-63 kg        | : Roelo van Heerden |

## B GESKEERDE KORTWOL-LAMMERS (KLAS 7-12)

- |    |   |                      |
|----|---|----------------------|
| 7  | Geskeerde kortwol -ooilam 35 kg en minder | : Johan Theron       |
| 8  | Geskeerde kortwol-ooilam 36-42 kg         | : William Biggs      |
| 9  | Geskeerde kortwol-ooilam 43-54 kg         | : Gerrit Viljoen     |
| 10 | Geskeerde kortwol-ramlam 50 kg en minder  | : Johan Theron       |
| 11 | Geskeerde kortwol-ramlam 51-60 kg         | : Johan Bezuidenhout |
| 12 | Geskeerde kortwol-ramlam 61-76 kg         | : Nelspoort Merinos  |

## C TWEE- VIERTAND: KORTWOL-OOIE EN -RAMME (KLAS 13-18)

- |    |  |                      |
|----|--|----------------------|
| 13 | Twee- tot viertand kortwol-ooi 45 kg en minder | : Nelspoort Merino's |
| 14 | Twee- tot viertand kortwol-ooi 46-52 kg        | : Loskop Boerdery    |
| 15 | Twee- tot viertand kortwol-ooi 53-65 kg        | : Kosie Wolfaardt    |
| 16 | Twee- tot viertand kortwol-ram 67 kg en minder | : John Butterworth   |
| 17 | Twee- tot viertand kortwol-ram 68-75 kg        | : Oubaas van Heerden |
| 18 | Twee- tot viertand kortwol-ram 76-93 kg        | : Kosie Wolfaardt    |

## D LANGWOL-AFDELING : HOGGET-OOILAMMERS (KLAS 19-21)

- |    |                               |                      |
|----|-------------------------------|----------------------|
| 19 | Hogget-ooilam 35 kg en minder | : Oubaas van Heerden |
| 20 | Hogget-ooilam 36-42 kg        | : Job Steenkamp      |
| 21 | Hogget-ooilam 43-56 kg        | : Nelspoort Merino's |

## E LANGWOL-AFDELING : HOGGET-RAMLAMMERS (KLAS 22-24)

- |    |                               |                      |
|----|-------------------------------|----------------------|
| 22 | Hogget-ramlam 41 kg en minder | : Oubaas van Heerden |
| 23 | Hogget-ramlam 49-65 kg        | : Roelo van Heerden  |

## F TWEE- TOT VIERTAND LANGWOL-OOIE (KLAS 25-27)

- |    |  |                      |
|----|--|----------------------|
| 25 | Twee- tot viertand langwol-ooi 47 kg en minder | : Nelspoort Merino's |
| 26 | Twee- tot viertand langwol-ooi 48-54 kg        | : Roelo van Heerden  |
| 27 | Twee- tot viertand langwol-ooi 55-66 kg        | : Roelo van Heerden  |

## G TWEE- TOT VIERTAND LANGWOL-RAMME (KLAS 28-30)

- |    |  |                      |
|----|--|----------------------|
| 28 | Twee- tot viertand langwol-ram 69 kg en minder | : Job Steenkamp      |
| 29 | Twee- tot viertand langwol-ram 70-77 kg        | : Roelo van Heerden  |
| 30 | Twee- tot viertand langwol-ram 78-95 kg        | : Oubaas van Heerden |

## H SPESIALE KLASSE

- |                       |                     |
|-----------------------|---------------------|
| Ooi wat te swaar is   | : Theo Potgieter    |
| Kampioen-ooi van skou | : Roelo van Heerden |
| Kampioen-ram van skou | : Kosie Wolfaardt   |

(Vervolg op bladsy 8)



## SKOU UITSLAE VERVOLG:

### DORPERS

- A BESTE GROEP ONDER 40 KG** : 1 Peet de Klerk  
2 Gawie Theron  
3 Gawie Theron
- B BESTE GROEP BO 40 KG** : 1 Gawie Theron  
2 Flippie Conradie  
3 Phil de Klerk
- GROOT KAMPIOEN-OOI** : 1 Peet de Klerk
- RESERWEKAMPIOEN-OOI** : 2 Gawie Theron  
3 Phil de Klerk  
4 Phil de Klerk

### PERDE

- A HANDKLAS - BESTE MERRIE BO 2 JAAR**
- 1 Dirk van der Merwe
  - 2 Dirk van der Merwe
- B HANDKLAS - BESTE HINGS BO 2 JAAR**
- 1 Phil de Klerk
  - 2 Dirk van der Merwe
- C BESTE PLAASPERD**
- 1 Gery deur Paul Williamse - eienaar Dirk vd Merwe
  - 2 Gery deur Flip Booyen - eienaar Michau du Toit
  - 3 Gery deur Frank Benadie - eienaar Dirk van der Merwe
- D BESTE STAPPER**
- 1 Ruiter Tommy Matthews - eienaar Dirk van der Merwe
  - 2 Ruiter Johnny Haarvoor - eienaar Phil de Klerk



1. Peet de Klerk (Rykie); 2. Gawie Theron; 3. Phil de Klerk; 4. Phil de Klerk

### E BESTE KINDERRUITER O/18

- 1 Monica du Toit
- 2 Austen Hempe
- 3 Johannes Slabbert

### F KAMPIOEN-RYPERD IN MURRAYSBURGDISTRIK

- 1 Klossiegat - ruiter en eienaar Phil de Klerk
- 2 Manzie - ruiter en eienaar Monica du Toit
- 3 Savana - ruiter Koos Jacobs - eienaar D vd Merwe
- 4 Jorden - ruiter en eienaar Louw Kruger

### G BESTE STALJONG

- 1 Koos Jacobs
- 2 Michel Sedras
- 3 Frank Benadie
- 4 Paultjie Williamse

Soos gebruiklik is die skou met 'n heerlike "steak"-ete afgesluit en het die dames (en mans) in die kombuis hulleself oortref!

### **Murraysburgers leer Karooplante ken!**

Die hoogtepunt van die Maart tuinbou vergadering was die uitken van tipiese Karooplante en – grasse. Toe Sarie en Percy Reynolds hul aftreehuis gebou het, het hulle besluit om die natuurlike plantegroei te behou en slegs enkele inheemse fokusplante tussenin te plant. Nou na drie jaar is die plantegroei in die afgekampte tuin welig omdat dit nie bewei word nie en die afgelope twee somers goeie reënval gekry het.

Sarie het in die klein tuinaarea nie minder as 44 bossies en grasse met netjiese nommers gemerk. Elke lid het 'n lys van die 44 plante ontvang en kon toe met behulp van die nommers die plante identifiseer en hulle besondere eienskappe in 'n boek oor Karooplante nalees. Dit was nie net groot pret nie, maar ook baie leersaam. Aldus Reynolds is daar minstens 60 verskillende Karooplante in dié tuinaarea en gaan sy die ander ook nog merk.

Alle teenwoordiges het groot waardering vir die moeite wat Karin Reynolds en haar skoonmoeder, Sarie, vir dié vergadering gedoen het.

Dis werklik die moeite werd om lid van Murraysburg se tuinbouklub te wees!